

# COVID-19 Gesondheidsriglyne vir Informele Handelaars

(op straat, in markte en spaza winkels)

## COVID-19 is hoogs aansteeklik.

Dit versprei deur kontak met mense wie alreeds die virus het – selfs al het hulle nie ooglopende simptome nie – of deur besmette oppervlaktes aan te raak en dan aan jou oë, mond of neus te raak. COVID-19 klou aan oppervlaktes soos karton, plastiek, hout, metaal en geld. Dit kan vir tot vyf dae so oorleef.

**Navorsing wys dat informele handelaars die sleutel is tot die voedselsekureit van arm huishoudings. Suid Afrika erken dit en het informele kosverkopers as noodsaaklike diensleweraars verklaar.**

As jy die volgende simptome het, het jy miskien COVID-19. Dit beteken dis nie veilig vir jou om by die werk te wees nie, want jy kan ander mense aansteek:

Hoes



Koors



Seer keel



Kort van asem



Meeste mense wat COVID-19 het, kan by die huis herstel. As jy hoes, koors en seer keel het, en sukkel om asem te haal, kry mediese hulp. Kyk [hier](#) vir meer inligting oor tekens en simptome.

As jy of jou familie simptome ontwikkel, bel die 24-uur tolvrye nommer 0800 029 999.

## BLY BY DIE HUIS:

**Dokters beveel aan om by die huis te bly, as jy kan. Dit is hoekom direkte ondersteuning van die regering aan alle informele werkers noodsaaklik is.**

Ouer mense veral loop 'n hoë risiko as hulle die virus opdoen. As jy bejaard is, of met bejaardes (ouer as 60 jaar) woon, moet jy liever by die huis bly.

As jy ongesond is met 'n bestaande siektestoestand, of as jy ouer as 60 is, behoort jy iemand anders te vra om na jou besigheid om te sien gedurende die COVID-19 epidemie.



## AS JY BY DIE WERK IS AS 'N NOODSAAKLIKE DIENSVERSKAFFER:

▶ As gesondheidsriglyne gevolg word, kan informele handelaars net so veilig besigheid doen as supermarkte.



1

### Was gereeld jou hande met seep en water:

- **Was jou hande vir ten minste 20 sekondes.** Maak alle dele van jou hande en vuiste skoon. Was tussen jou vingers, asook jou vingerpunte, en halfpad teen jou arms op.
- **Was jou hande voor jy jou werksdag begin** en gedurende die dag, veral voor jy eet.
- **Was jou hande na jy hoes of nies.**
- **Was jou hande na jy enigiets aanraak** waaraan ander mense gereeld vat.
- **Was jou hande sodra jy by die huis kom.**



2

**Moenie aan jou gesig vat nie – veral nie aan jou oë, mond en neus nie. As jy hoes of nies, bedek jou gesig met die binnekant van jou elmboog.**



3

**Dra 'n gesigsmasker van lap gemaak wat jou mond en neus bedek. Probeer om nie aan die masker te raak nie.**

Was en stryk die masker na jy dit gebruik het. Probeer 'n hele paar maskers kry sodat jy altyd 'n skoon een het. Moedig jou kliënte aan om ook maskers te dra.




4

**Vermj dit om aan mense te raak. Moenie aan mense raak wanneer jy hulle groet nie.** Bly twee meter van mense af weg. As dit onmoontlik is, bly ten minste 'n armlengte van hulle af weg.

### 5 **Straat- en markhandelaars moet twee meter van mekaar af handel dryf.**

Dus moet plaaslike owerhede buigsaam wees met die uitleg en lokasie van stalletjies.

### 6 **Kliënte moet twee meter van mekaar af bly deur tou te staan langs markstalletjies of buite spaza winkels.** 'n Eenvoudige manier om mense te wys waar om tou te staan en hoe vêr van mekaar af te staan is om lyne op die grond te trek.



### 7 **Gee voorkeur aan hoë-risiko kliënte** (soos pensionarisse, mense met gestremdhede en swanger vroue) deur hulle eerste te bedien.

### 8 **Vra kliënte so vêr as moontlik om nie aan die produkte te raak nie.**



**9 Maak gereeld oppervlaktes skoon waaraan mense raak**, insluitende selfone, deurhandvatsels en relings.

**10 Straat- en markhandelaars:** Maak jou tafel en produkte met ontsmettingsmiddel skoon.

**Spaza winkel eenaars en werkers:** Vee oppervlaktes soos toonbanke, kasregisters en handvatsels met ontsmettingsmiddel af. Voorsien saneermiddel aan kliënte wanneer hulle inkom en uitgaan as dit moontlik is.

**11 Vermy dit om kontantgeld te hanteer:** Moedig kliënte aan om kontant in 'n fles of dosie te gooi. Munte kan eers in ontsmettingsmiddel gesit word. Gebruik ontsmettingsmiddel voor en na elke nuwe kliënt.

Gebruik digitale betaling waar moontlik. Oorweeg dit om by [Snapscan](#) aan te sluit. As jy 'n kaartmasjien het soos Yoco, iKhokha, FLASH of enige bankkaart masjien, ontsmet dit met bleikmiddel voor en na elke gebruik.

**12 Hergebruikte plastieksakke kan die virus dra.** As kliënte hulle eie sakke gebruik, moenie aan hulle raak nie. As jy plastieksakke gebruik, vermy liewer hergebruikte sakke.

## Maak jou eie ontsmettingsmiddel:

As jy nie saneermiddels het nie, is 1 koppie bleikmiddel in 6 koppies water 'n effektiewe ontsmettingsmiddel.

bleikmiddel

water



## Hoe om 'n wasstasie te bou:

As jy nie lopende water het vir jouself en jou kliënte nie, oorweeg dit om 'n wasstasie te bou. Plaas 'n wasbak onder die bottel om afvalwater te vang. Sien bouinstruksies [hier](#).



## BELEIDSWESSIES:

Op 2 April 2020 het die nasionale owerheid spaza winkels en informele (ongekookte) voedselhandelaars as noodsaaklike diensleweraars verklaar – sien bladsy 12 [hier](#).

### OEFEN DRUK UIT OP OWERHEDE OM:

- teistering te staak deur duidelike riglyne na polisie en weermag te stuur dat voedselhandelaars noodsaaklike diensleweraars is.
- die uitreiking van permitte eenvoudig en regverdig te maak.
- seker te maak dat verskaffers (bv. sekondêre vars kosmarkte) en die wat handelaars se goedere vervoer, ook mag werk.
- onbepaalde waterpunte te voorsien sodat handelaars gereeld hulle hande, werkplekke en produkte kan was.
- dringend gesigsmaskers, saneermiddels en bleikmiddels te voorsien.
- voedselhandelaars vry te stel van enige handelsfooie.
- buigsaam te wees ten opsigte van die uitleg van handelsgebiede sodat straat- en markhandelaars fisiese spasie tussen mekaar kan hê.
- ongebruikte spasies soos oop veld of parkeerareas te identifiseer waar kosmarkte kan opgestel word.
- sekuriteit te voorsien in samewerking met ander sekuriteitsdienste in handelsgebiede en rondom spaza winkels. Dit sal mense help om die twee meter spasiëring te handhaaf en om die risiko van plundering te verminder.

Hierdie riglyne is ontwikkel deur WIEGO in samewerking met kenners in openbare gesondheid en die informele ekonomie/voedselsisteme (Professore Rajen Naidoo en Leslie London). April 2020.

